Sit dit op my rekening.

Filemon 1: 1 - 25
Filemon 1: 18 & 19

1. Inleiding

'n Ruk gelede praat ek en 'n broer oor die onregverdigheid om kinders se prestasies slegs op een spesifieke manier of veld te meet. Ek brei toe uit op die skynbare onversadigbaarheid van die wêreld vir sekere vaardighede. Die broer openbaar ander vaardighede wat ek en waarskynlik ook die wêreld miskyk aan my. Nie te min is dit een van die sleutel aspekte in elke gelowige se lewe op een of ander stadium. Die verband tussen fisiese en geestelike seëninge. Of dan ook geestelike en fisiese skuldrekeninge. In ons teksvers vanoggend tref ons voorbeelde van elkeen aan.

Ons teksvers kon natuurlike uit ons teksgedeelte uit 'n minder bekende boek in die Bybel. Want preke oor hierdie brief wat net 'n enkele hoofstuk beslaan is skaars. Trouens dit is die eerste keer in my eie bedieningstyd wat ek vanoggend aan hierdie gedeelte aandag gee. Die rede vir hierdie onbekendheid, is waarskynlik die afstand tussen die antieke gebruike en vandag.

Die boek Filemon bestaan uit 'n brief van Paulus aan Filemon, oor sy slaaf Onesimus. Onesimus het waarskynlik weggeloop by Filemon. 'n Oortreding wat destyds dikwels die doodstraf vir so 'n slaaf op die hals gehaal het. Maar in hierdie brief sien ons dan hoe Paulus vir Onesimus pleit. En dan nie net dat hy terugneem moet word, in diens van Filemon nie. Maar dan Filemon hom ook as sy broer moet aansien en behandel.

Dit is belangrik om vanuit die staanspoor Paulus se gesindheid in hierdie brief raak te sien. Dit is nie een van arrogante opdragte en bevele nie, maar eerder nederige beroepe wat uitgebring word. Want soos Paulus self sê in vers 14 moet Filemon se optrede nie uit dwang wees nie, maar uit vrye keuse. Tog tref ons dan 'n interessante onderhandeling in ons teksverse aan.

2. Slawe as bates

Soos ons reeds gesê het, is daar 'n groot afstand tussen hedendaagse kultuur en antieke kultuur. Veral wanneer ons na slawerny kyk. Slawerny is offisieel afgeskaf in suid Afrika in die kaapkolonie op 1 Januarie 1834. En alhoewel dit 'n betreklike laat datum in die wêreld hiervoor is, het die kultuur en oortuigings vinnig verander. En vandag word daar met 'n veroordelende boosheid op slawerny neergekyk, en self nog meer so in onlangse ontwikkelings en filosofieë. En daarom is die nodig dat ons eers so bietjie kyk na slawerny.

'n Slaaf was letterlik die besitting van 'n ander persoon. Soos wat ons vandag eiendomme, beleggings, aandele en self jou pensioenfonds as 'n bate op ons eie finansiële waardasie inskryf, so het mense slawe opgeskryf. Trouens vir baie mense in die 18de eeu in die kaap was hulle slawe letterlik hulle pensioenfonds, wat hulle sou verkoop om dan af te kan tree. In hierdie lig is dit dus duidelik dat wanneer 'n slaaf sou sterf of dan wegloop, daar vir die eienaar 'n rand en sent verlies ter sprake was.

Dus is die skade of skuld aan Filemon in vers 18 nie figuurlik of abstrak nie. Dit verwys na fisiese finansiële verliese wat gely is wanneer 'n slaaf wegloop. Die probleem was dat selfs wanneer so 'n slaaf terugkeer, sy herverkoop waarde drasties geval het, omdat hy nie vertrou kan word nie. Die brief Filemon wat ons vandag bestudeer het daarom 'n baie praktiese aard. Dit is nie hoë filosofiese idees wat die leser maar self moet toepas nie. Nee, hier is praktiese raad aan gelowiges oor ons optrede teenoor mekaar. En die dikwels die taboe onderwerp van finansies uitsluit in hierdie praktiese raad aan medegelowiges.

3. Christus het reeds die rekening betaal

Maar die konsep van 'n rekening vereffen word nie die eerste keer hier in die Bybel aangeraak nie. Ons sien dit ook in die verwysing na Christus se roeping hier op aarde. Hy het gekom om ons skuld te vereffen. Ons weet dat Jesus aan die kruis in Johannes 19:30 ook die term tetalestai gebruik wanneer Hy uitroep dit is volbring. En ons weet ook dat dit 'n bekende handelsterm in grieks is. Dat dit letterlik die woord is wat op 'n opbetaalde rekening aan gebring is

destyds. Die bewys dat daar niks van die skuld meer uitstaande is nie.

Christus kom neem ons skuld, wat so groot is vanweë ons sonde, op Hom. Ons skuld is so groot dat ons soos wegloop slawe die dood verdien het, die ewige dood. Maar die Here kom kies ons uit en begenadig ons. En dan neem Hy hierdie skuld van ons op Hom. Hy gaan gee dan Sy lewe as betaling vir hierdie skuld. Hy gaan sterf onskuldig sodat ons rekening voor God volledig betaal kan wees.

Maar ook gesien uit die hoek van slawerny, het die verlossing in Christus 'n besondere relevansie. Ons almal was slawe van die sonde. In Romeine 6:15 - 23 brei Paulus uit op hierdie slawerny van die sonde waarin ons as mense eers gelewe het. Die sonde het heeltemal beheer oor ons uitgeoefen net soos 'n slawe eienaar. Ons kon nie anders as om voort te gaan met die sonde. Maar die verlossing in die sterwe en opstanding van Christus maak ons ook vry van hierdie slaweband.

Want sien indien Filemon nie vry van die slawerny van die sonde was nie, sou hierdie beroep wat Paulus op hom gedoen, nutteloos wees. Hy sou eenvoudig getrou aan die slawerny net selfsugtig aan homself gedink het. Maar Paulus weet dat hy hier met 'n medebroer in die geloof praat. Iemand wat die goedheid van God reeds gesmaak het. Dit is juis hierdie gemeenskap van gelowiges verhouding wat omgewing skep vir Paulus se versoek.

4. Ons rekening by mekaar

Wanneer ons oor finansies praat kom die onderwerp van skuld gewoonlik eerder vroeër as later op. Dit is mos juis hierdie tipe finansiële transaksies tussen vriende wat 'n ernstige las op 'n vriendskap kan plaas en daarom vermy vriende dikwels selfs al net gesprekke hieroor. Die rede wat gewoonlik aangevoer word, is dat ons vriendskap belangrik is as finansies. Maar openbaar hierdie optrede nie eintlik juis die verkeerde plek wat finansies in ons lewens beklee nie. Daardie selfsugtige verkeerde plek.

Die eerste ding wat Paulus in ons teksvers doen, is om verantwoordelikheid te aanvaar. En dit is nie maar sommer een of ander oppervlakkige beskermheer posisie nie. Nee, dit kom neer op fisiese rand en sent. Paulus sê aan Filemon dat hy enige skade wat Onesimus hom berokken het, maar op sy rekening kan plaas. Ons sien iets van 'n blanko tjek indien ons dit so kan noem, wat onderteken word met Paulus se eie hand in ons tweede teksvers, vers 19. Dit is nie net mooi woordjie van Paulus nie, hier is 'n praktiese uitvoering van sy voorneme. Ons sien duidelik iets van die barmhartige samaritaan in Lukas 10 wat ook vir die eienaar van die herberg toestemming gee om Sy rekening te debiteer in Lukas 10:35.

Maar dit eindig nie hier nie. Vers 19 gaan verder. Paulus wil nie vir Filemon dwing om goed te doen nie. Maar die feit van die saak is dat Filemon soveel meer aan Paulus verskuldig is. Natuurlik praat Paulus hier van Geestelike skuld. Deur Paulus se bediening het Filemon tot die geloof gekom, en is hy deur die genade van die Here wedergebore deur die werking van die Heilige Gees.

Nou is die vraag natuurlik kan ons bloot fisiese finansiële skuld en geestelike skuld vermeng? Met ander woorde kan Filemon bloot hierdie finansiële verlies afskryf teen die geestelike skuld wat hy teenoor Paulus het? Christus se gelykenis oor vergifnis in Matteus 18: 21 - 35 eindig immers met die woorde : "So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."

Het dit nie tyd geword dat ons anders dink oor die vermenging van die fisiese en geestelike, veral met betrekking tot ons finansiële bates?

5. Die fokus na buite

Maar hierdie preek kan so maklik verander in blote goedkoop voorspoedteologie, wat ons so goed ken in die wêreld rondom ons vandag. Dit behels die gedagte dat lidmate alles wat hulle het en nog meer na die kerk moet bring, bloot sodat die amptenary in luuksheid kan lewe. Maar dit is belangrik om te sien dat dit nie is wat Paulus doen nie.

Paulus vra nie 'n groot finansiële bydrae van Filemon, bloot sodat hy gemakliker kan lewe nie. En Paulus skryf hierdie brief uit die gevangenis. Hy is nie in 'n goeie posisie nie. Paulus versoek ook nie dat hier geld aangewend moet word vir sy regsproses of kostes nie. Nee, Paulus se fokus is heeltemal na buite gekeer. Die finansiële bystand wat hy van Filemon eis is vir Onesimus. Sodat hy verder in vrede kan lewe.

Maar hierdie fokus na buite gaan nog verder. Onesimus is op pad terug na Filemon. Hy is nie meer in die tronk nie. Hy is op pad na ’n ander lewe buite die tronk. Onesimus het die potensiaal om die evangelie verder te gaan verkondig, daar tussen die mense waar hy gaan woon en werk. Hy het die potensiaal om werklik as broer, in Christus, saam met Onesimus in die koningryk te gaan werk.

En dit is hierdie opsig wat ons ook ondersteuning aan mekaar verskuldig wees. Dit gaan op die einde nie oor die voorspoed van die amptenary of enige ander individu nie, maar oor die uitbreiding van die koningryk van die Here. En dit is die boodskap uit ons teksvers. Moet ons nie tog maar op hierdie gebied die geestelike en die fisiese toelaat om ’n bietjie vermeng te raak nie? Moet ons nie maar van tyd tot tyd opstaan en sê dit is vir my rekening nie?

6. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur op gesindhede te fokus. Ons het al in die begin gesê dat Paulus ’n nederige versoek gesindheid in hierdie brief het. Verder het Paulus natuurlik die gesindheid van diens aan Onesimus, en op ’n manier ook Filemon. Maar Paulus herinner dan uiteindelik in ons teksvers wel Filemon aan sy verskuldigheid aan hom.

Dit is uiteindelik belangrik dat ons ook vandag mekaar weer daaraan herinner. Deur die jare het my broers en susters en selfs vorige lidmate van hierdie gemeente dinge moontlik gemaak. Hulle het as instrumente in die hand van die Here, geleenthede en midelle geskep wat ons geloof spasie en konteks gegee het om te groei. Dink maar aan die fisiese dinge hier op die kerk terrein. Maar ook aan baie preke vanaf hierdie preekstoel, of pastorale werk vanuit hierdie terrein se hekke. Geestelik is ons baie verskuldig aan mekaar, en ons dink of praat nooit daaroor nie.

Maar uiteindelik is dit nie so maklik om die geestelik met die fisiese te vermeng nie. Verskeie kommentaar skrywers oor ons teksgedeelte wonder wat sou gebeur het, indien Filemon verhard die kostes opgeskryf het op Paulus se rekening. Sou Paulus as gevange in die tronk hierdie skuld kon betaal? Uiteindelik glo ons dat die Heilige Gees in Filemon se hart gewerk het sodat hy die ware toedrag van sake kon sien.

In hierdie lig kan ons afsluit met die terug keer na die uitroep: “Sit dit op my rekening?”. Dit is uiteindelik nie net ’n fisiese finasïele of praktiese uitroep nie. Maar dit is ook ’n geestelike uitroep. Dit is ’n geestelike verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar en uitleef. Om aan te hou voorbidding vir mekaar doen. Om mekaar pastoraal met die Woord van God te bedien. En uiteindelik met ’n fokus ook na buite die goeie nuus te gaan versprei.

Wanneer Paulus ook die ouderlinge van Efese toespreek in Handelinge 20, sê hy in vers 35: “[35]Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang.”

Amen